Nederduitse Gereformeerde Kerk Paterson
N.G. Kerk in Oos-Kaapland

Terugvoering vir Konsultasieproses oor Kerkhereniging.

Die kerkraad het by twee geleenthede oor die saak gepraat, 23 Augustus en 18 Oktober. Daar is besluit dat daar nie in kleingroepe met die gemeente gepraat word nie. Die voorsitter van die kerkraad kan in ’n opsommende verslag die gemeente se gevoel uitspreek.

Die Algemene Sinode het reeds besluit dat die proses van kerkhereniging vootgaan. Dit is nie ’n proses van “of” nie maar oor die “hoe” van die proses. Die vier vrae ie wesenlik dieselfde as waaroor die vorige konsultasie proses gehandel het.

Paterson het in die wyk van Alicedale reeds 15 gesinne van die vroeëre N.G. Sendingkerk wat volledig deel van die gemeente is. Hulle kerkraadslede is deel van die kerkraad, hulle kinders word gedoop en lê belydenis van geloof af as volledige lidmate van die N.G. Kerk Paterson. Hulle is alreeds deel van die N.G. kerk vir meer aas 10 jaar. Voorheen van die N.G. Kerk Albanie en nou Paterson. Ons is alreeds in die proses en voel dit is onnodig om soos ’n hond aan dieselfde derm te rem.

Kortliks net die volgende:

1. **Konfessionele Basis:**
   Daar is begrip daarvoor dat die Belydenis van Belhar vir die VGKSA waarde het. Ongeag hoe mooi argumente hanteer word het dit ’n politieke en teologiese kant. Meer as 6 jaar terug het kerkrade in die Ring van Albanie oor die bybelse betroubaarheid van Belhar gesels. Dit is toe as bybels korrek anvaar. Dat dit indringende etiese sake rondom diskriminasie en onreg aanspreek is baie waar. Die gevoel in die gemeente is dat die kerk al talle keer skuld bely het ten opsigte van die dwaalleer waarvan Belhar ons sou aankla. Ons is heel waarskynlik vergewe en ons opregte bedoelings heel waarskynlik aanvaar. Hoekom moet Belhar as vierde belydenisskrif aanvaar word? Is dit politieke sentiment of Bybels noodsaaklik? Gaan dit die politieke bril wees waarmee ons steeds mekaar wil kyk? Loop ons met mekaar ’n pad waarmee die “verontregtes” ons steeds wil herinner aan ons dwaling en ons as die “beskuldigdes” saamloop gedryf deur skuldgevoelens? Moet ons nie ’n nuwe belydenis saamskryf as getuienis van ons eerlike en opregte gedringheid deur die Here se saak nie? Gaan Belhar nie eerde verdeel as verenig nie? Baie lidmate wil Belhar net nie as vierde belydenisskrif aanvaar nie.

2. **Model:**
   Die kerkraad glo dit van harte dat die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk ’n opregte geloof in Jesus Christus is. Die beoefening van die gemeenskap van gelowiges het tog ook iets daarvan dat mense op grond van vrye assosiasie bymekaar kom vir bybelstudie, sang en aanbidding. Dit is so dat ons gemeenskappe vir mekaar vreemd is en mekaar nie ken nie. Daaraan moet gewerk word. Daar is vrese by ons lidmate dat die kerk dieselfde pad kan loop as baie ander instansies in die land. Mense wonder oor die gevaar van ’n meerderheidsoorheersing by vergaderings wat die kerk kan kaap vir ander motiewe en doelwitte. Ons kan dit met mooi godsdienstige argumente aflag, maar selfs in ons eie kerk is die sáák nie altyd die belagrikste nie en neem eie gevoelens dikwels oor. Ons wil saam met ander groepe die pad loop, maar ons kyk ook eerlik na die wesenlike verskille wat bestaan in ons manier van dink, doen en leef. Dit maak niemand sleg, onaanvaarbaar of afstootlik nie. Ons glo dat hoe nader mense aan die kruis van Jesus kom hoe nader kom hulle ook aanmekaar. Dan raak hulle

broers en susters wat vir mekaar se andersheid ruimte maak, mekaar aanvul en mekaar nie dreig, oordeel of bedreig nie.

3. Gesamentlike Projekte:

Ons is betrokke by ander kerke in die gemeenskap. Werk saam met die V.G.K.S.A en N.G. Kerk in Afrika. Ons ondersteun die sopkombuis van die plaaslike Metodiste Kerk en die Isipho Trust waar vigswesies versorg word. Baie van ons lidmate doen wonderlike opheffingswerk in die gemeenskap. Ons is nie altyd amptelik deur die kerkraad betrokke by gemeenskapswerk nie. Dit is egter wonderlik dat ons lidmate hulle geloofsverantwoordelikhied nakom deur die liefde van Jesus in woord en daad teenoor alle mense uit te leef. Dit is baie belangrik en baie meer werd as mooi geformuleerde besluite.

Op Sinodale vlak sal dit egter belangrik wees om projekte te koördineer. Ringe se administrasie vlak sal drasties vergroot. Ons sukkel nou alreeds dat gemeentes onderling saamwerk en mekaar ondersteun. Baie van ons eie gemeentes sukkel ook finansieël. Groter Ringe beteken groter gedeelde verantwoordelikhede. Kerkhereniging beteken nie vanselfsprekend meer finansies nie maar ’n groter gesamentlike nood. Dit is ’n uitdaging, maar nie so ‘n eenvoudig en maklike proses nie. Hereniging met die “ryker kerk” beteken nie “gedeelde rykdom” nie. Daarmee wil ons nie veronderstel dat dit die motief vir kerkhereniging is nie. Dit is ’n verskriklike heerlike avontuur wat ons kan en moet aanpak.

4. Versoening:

Versoening vra dat mense deur die bril van Jesus se liefde na mekaar kyk en ook na hulself kyk. So lank as wat mense na hulself kyk deur die bril van apartheid en hulle self beskou as die “verontregdes” wat nou regte het waarop hulle moet staan en ander deur dieselfde bril hulle sien as die “beskuldigdes” wat moet vergoed vir die misdade van die vaders en gedryf word deur skuldgevoelens, misken ons die inherente godgegewe vermoë en gawes wat ons almal het om ’n positiewe bydrae te lewer tot die proses van versoening binne kerkhereniging. Vertroue, aanvaarding, vergifnis, eerlikheid en opregtheid is belangrik. Die soeke na mag en die geleentheid om te heers en te oorheers sal fataal wees.

5. Ten slotte:

Die kerkraad en gemeente sal die pad loop met groot verantwoordelikheid en geloofsvertroue. Met omgee en deernis sal ons saam hande vat en soek na die wil van die Here vir ons gemeente en die breëre gemeenskap. Kerkhereniging is nie ’n ideologie nie, maar die gawe van en proses van die Gees. Mag Hy met die kerk van die Here maak soos Hy wil.

W.G. Olivier
Namens die Kerkraad en Gemeeente van Paterson.
5 November 2007.